

Maandelikse gemeentebrief Oktober 2018

Vrede vir julle!

Ons raak soms vinnig gewoond aan dinge wat eintlik soveel groter is as wat ons besef. Dink net aan die konsep van liefde; ons sê maklik dat ons lief is vir mekaar, vir sport, vir pizza en vir ons diere, maar dieselfde woord kan tog nie al hierdie tipes liefde beskryf nie? Jou liefde vir jou kinders of ouers is 'n ander tipe liefde as jou liefde vir braai. Dit dra net nie dieselfde gewig nie.

Net so raak ons gewoond aan die gedagte dat Jesus ons liefhet, maar leef ons dit regtig? Besef ons dat Jesus op ons harte 'n stempel kom druk het wat sê: "Jy is my geliefde kind", of loop ons rond met konstante twyfel oor God se liefde? God leer ons dat Sy liefde vir ons baie sterk brand, ten spyte van ons tekortkominge. "Maar hoe kan Ek jou prysgee... Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk." (Hosea 11:8)

Die resultaat van die wete dat God ons liefhet, is dat ons lewens met vrede gevul word. Die wete dat God ons aanvaar net soos ons is, oorspoel ons met vrede. Ek hoef nie meer die wêreld te beïndruk nie, want die belangrikste Een het my lief en Hy aanvaar my. Dit is die vrede waarvan Jesus praat in Matteus 11:28 "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee." Ons leef in so 'n gejaagde wêreld dat ons nie sonder Jesus se vrede kan oorleef nie. Dit is ook hoekom Jesus die dissipels geleer het om mense te groet met die woorde: "Vrede vir julle". Jesus het geweet hoe belangrik dit was en vandag nog is.

Vrede beteken dat ons die Here vertrou. As ons gespanne bly oor alles, waaroor ons in elk geval nie beheer het nie, sal ons nooit vrede ervaar nie. Om in God te glo is om God te vertrou ten spyte van moeilike omstandighede. Ten spyte van onsekerheid vra God dat ons sal onthou dat Hy in beheer is; dat Hy weet wat in ons lewens aangaan en dat Hy God "Immanuel" is wat ons hartseer en ons opwinding deel. Sy Gees help ons, dra ons, en pleit namens ons by God. Ons is nooit, nooit alleen nie.

Dan kan ons saam met Paulus in baie moeilike omstandighede sê "Ek sê dit nie omdat ek gebrek ly nie, want ek het geleer om my in alle omstandighede te behelp. Ek weet wat armoede is en ek weet wat oorvloed is; van alles het ek ondervinding: om genoeg te hê om te eet sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly. Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee." (Filippense 4:11-13) Mag jy ook, in die tyd en plek waar jy jou tans bevind hierdie liefde, vrede en vertroue ontdek en geniet.

Ferreira Marais